

'N TOETS VIR GEREFORMEERDE EKUMENE

J.L. Helberg
Dept. Ou Testament
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

While there is a universal interest for ecumenical involvement, the Reformed Churches in South Africa (GKSA) suspended relations with the Reformed Ecumenical Council, the only ecumenical movement in which the GKSA has ever been involved. Criticism has been directed at the GKSA for isolating itself and for not being concerned in the relevant problematics of the day. This article indicates what the official relations of the GKSA are, how the GKSA approaches the ecumenical calling in the present situation, what problems exist in this regard, and with what test the GKSA is confronted. In order to do this an attempt is made in this article to determine what the norms for ecumenicity according to the Scriptures are. This approach will be undertaken by examining the central revelation-historical lines which occur in the Old Testament and extend to the New Testament, and by outlining the resulting data about the character and the organisation of the church. It will be demonstrated that the church is essentially concerned with the proclamation of the word and the embodiment of the requirements of the Word; not with impersonal, organisational, technical or other structures but with the personal relation with God, the Creator, Ruler and Saviour of mankind as embodied in his (covenant) people. This is a relation with God in Christ and with the neighbour, in an existential, local context and in universal perspective. The test for the GKSA will be whether justice is done to the universal character as well as the confessional character and the personal character of its calling. This threefold relation will especially become clear in the GKSA's handling of the ecclesiastical set-up in the relation with the other National Synods, from the local level up to the synodical level, because it is especially on the level of these National Synods that a lack in the personal relations or the character of these relations is apparent.

1. INLEIDING

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het bande met die Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER, vroeër Gereformeerde Ekumeniese Sinode) opgeskort terwyl daar wêreldwyd belangstelling is vir betrokkenheid by ekumene (wêreldwye kerklike samewerking) en daar tans ook veral in Suid-Afrika belangstelling is vir samewerking oor die eie kerklike grense heen (vgl. byvoorbeeld die Rustenburgeraad). Die GKSA was nooit en is tans ook nie by enige ander ekumeniese beweging betrokke nie. Direk of indirek samehangend hiermee is daar kritiek van buite sowel as van binne eie geleedere uitgespreek. Die kritiek draai veral om die beskuldiging oor 'n gees van isolasie en onbetrokkenheid by die aktuele problematiek van mense vandag (vgl.

Runia, 1991; Van der Linde, 1991; Snyman, 1991; Du Plessis, 1991; GKSA, 1991:649-652 - rapport van GKSA-deputate in verband met die ander Nasionale Sinodes se kommentaar).

In die lig hiervan word met hierdie artikel beoog om aan te dui wat die GKSA se offisiële ekumeniese verbintenis is, hoe die GKSA in die huidige situasie die ekumeniese roeping benader, watter probleme daar in dié verband bestaan en voor watter toets die GKSA staan. In hierdie artikel word hoofsaaklik gefokus op die ekumeniese uitlewing van die GKSA, byvoorbeeld ten opsigte van sy verhoudinge met die kerke of kerklike liggame in groepsverband, en word ad hoc-samewerking of same-sprekings met individuele kerklike denominasies nie behandel nie. Die woorde *Gereformeerde ekumene* word hier in beperkte sin verstaan, maar is tog ter sake omdat Gereformeerde ekumene in die wye sin ook daardeur geraak word - iets waarop hier egter nie ingegaan kan word nie. Met die oog op bogenoemde doelstelling wil die artikel vasstel wat die basiese maatstawwe vir Skrifverantwoorde ekumene is. Dit sal gedoen word vanuit die sentrale openbaringshistoriese lyne wat in die Ou Testament voorkom en deur die Nuwe Testament loop, en die daaruit voortvloeiende gegewens oor die aard en inrigting van die kerk.

Die volgende aspekte sal behandel word: 'n valse en 'n ware eenheidsfaktor vir die mensdom (Gen. 10-12); die plek van die Woord en die Gees; land, staat en kerk in die Ou Testament en die Nuwe Testament; wat die kerk is; die GKSA se samestelling en verhoudinge; die GKSA se benadering en hantering van ekumeniese verhoudinge.

Aangesien hierdie artikel toegespits is op die toets aan die GKSA se uitlewing van Gereformeerde ekumene, soos hierbo gestel, en gesien die beperking op die lengte van die artikel, word slegs kortliks ingegaan op ander standpunte, soos dié in verband met ekumeniese bewegings of liggame. Ook kan daar nie op die besonderhede van die sake in punt 2 tot 4 ingegaan word nie. (Vir meer besonderhede oor sake in laasgenoemde, vgl. Helberg, 1990.)

2. DIE VALSE EN WARE EENHEIDSFAKTOR VIR DIE MENSDOM (GEN. 10-12)

Gebrokenheid van die mensdom: Omdat die mens hom nie met sy verstand en al aan God se gesag onderwerp nie, word die mens se bestaan sedert die tyd van die tuin van Eden gekenmerk deur verskeurdheid. Dit geld vir die huwelik (Adam en Eva, Gen. 3:12,16), die gesin (Kain en Abel, Gen. 4:5-12) en die hele samelewing (vgl. die tipering van die mensdom in die tyd van Noag, Gen. 6:5), en dit lei tot onderlinge gewelddadigheid en tot ondergang (Gen. 6:11-13). Selfs na die sondvloed is die

mensdom nog verseurd en gebroke, maar hulle word tog deur God geseën en 'n bestaansmoontlikheid gegee (vgl. die verbond van God met Noag, Gen. 9:1-17). Onder die seën van God vermeerder die mensdom en kom tale, nasies en lande tot stand (Gen. 9:1-18; 10:5,20,31,32). Die mensdom soek egter eenheid en mag primêr in 'n geografiese konsentrasie van tegniek, ekonomie, nywerheid, politiek en godsdiens, soos vergestalt in die poging om 'n stad te bou met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik (Gen. 11:1-4). Hier is dus 'n tegniese, administratiewe en organisatoriese strewe na eenheid en mag. Die gevolg hiervan is egter juis onderlinge disharmonie en verdeeldheid, soos vergestalt in die taalverwarring en verstrooiing oor die aarde (Gen. 11:5-9; vgl. ook Gen. 4:17 vir 'n soortgelyke optrede by Kain).

God se eenheidsfaktor: Teenoor die mensdom se onpersoonlike eenheidsfaktor by Babel stel God as antwoord 'n persoonlike eenheidsfaktor. Hy gee nie 'n stad (bv. Jerusalem) om die mensdom te verenig nie, ook nie 'n land (soos die beloofde land) of ander plek of enige ding nie, maar hy gee 'n persoon, Abraham. God staan trouens in die eerste plek met 'n mens of mense in verband, nie met 'n plek of plekke nie. Hy word nooit deur die Ou Testament die God van 'n plek genoem, byvoorbeeld 'die God van Jerusalem' of 'die God van Kanaän' nie, maar wel die God van mense, byvoorbeeld 'die God van Abraham, Isak en Jakob' (vgl. Jenni, 1971:10; Helberg, 1990:101, 102; Van Selms, 1967:116). God verwag ook dat mense in die eerste plek met Hom en met mense in verband moet staan, nie met 'n plek, ding, organisasie, tegniek of wat ook al nie. Die persoon wat God as 'eenheidsfaktor' vir die mensdom gee, is iemand wat in 'n noue persoonlike verhouding met Hom staan, hom ten volle aan God toevertrou en onvoorwaardelik sy wil en weg met hom volg. In so 'n persoon sal al die nasies geseën word en hierdie seën vra assosiasie met hom as geroepene van die Here, dus geloof (Gen. 12:2,3). Die eenheidsfaktor is persoonlik, dit behels die regte verhouding met God en met die mens (Abraham) - verhoudings wat juis in die oorwegings en optrede van die Babelbouers ontbreek. Die belofte van eenheid, versoening deur middel van 'n persoon, is in ooreenstemming met die verwagting van Eva en die gelowige geslagslyn. Ná die moord van Kain op Abel vind hulle rus in die feit dat God 'n kind gee (Gen. 4:25; vgl. ook Gen. 5:28 oor die verwagtings in verband met Noag).

Dwarsdeur die Ou Testament is daar 'n persoonlike aanslag in teenstelling tot 'n onpersoonlike. By die mens is daar juis 'n neiging om te verontpersoonlik. In die tuin van Eden soek die mens kennis in 'n boom as sodanig, sonder die verhouding met God; by die totstandkoming van die koningskap soek Israel hulle heil in 'n instelling, 'n struktuur as sodanig (1 Sam. 8); by Dawid se voorgenome tempelbou val die nadruk op God se woon in 'n (onpersoonlike) gebou, maar God benadruk dat hy nie in 'n gebou woon nie maar die geskiedenis van sy volk bestier (2 Sam. 7:6), in die daaglikse bestaan van sy gelowiges werksaam is (2 Sam. 7:8-11) en met hulle in 'n vader-

kindverhouding wil wees (2 Sam. 7:14). God se wil vir sy volk is dan ook saamgetrek in die Tien Gebooie, wat nie kulties of geografies gesentreerd is, of op een of ander saak gekonsentreer is nie, maar op die verhouding met Hom en die naaste. Die profete het sterk standpunt ingeneem teen onpersoonlike diens en het daarop klem gelê dat God met die hart gedien moet word en dat die regte verhouding met die naaste beoefen moet word, veral deur reg en geregtigheid en liefde te beoefen (vgl. Jes. 1:11-17; Jer. 7:3-10; Am. 4:1-4; 5:23,24; Miga 6:6-8). Ook die psalmdigters beklemtoon reg en geregtigheid (vgl. Ps. 4:2; 17:15; 45:5). Die wysheidsliteratuur, wat veral aansluit by die empiriese waarneming, sê dat wysheid of kennis nie bloot met neutrale, onpersoonlike waarneming te doen het nie, maar begin met die regte verhouding tot God, die dien van die Here (vgl. Spr. 1:7).

Van Abraham word gevra dat hy sal breek met die bestaande, 'natuurlike' verbande en verhoudinge soos land, familie, ensovoorts (Gen. 12:1). Dit is 'n eis om innerlike bekering. Aangesien Abraham die vader van alle gelowiges is (Rom. 4:11,12), geld hierdie eis ook vir alle gelowiges. Verder word van Abraham geloof in God se beloftes gevra. Dit hou in dat hy sal glo in die lewewekkende mag van God, wat vir hom en sy vrou 'n kind sal gee hoewel hulle nie kinders kan hê nie, en hom op die gevaarlike pad na die beloofde land sal beskerm (Gen. 11:30; 12:2; 15:2). Van Selms, 1967:177 praat van 'n "skeppingsmaak", 'n *creatio ex nihilo*, soos in Gen. 1). Verder blyk dit dat daar nie alleen eenheid en heil op die spel is nie, maar ook persoonlike beslissing en antitesis ("Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek", Gen. 12:3). God se lewewekkende werksaamheid vorm 'n lyn dwarsdeur die hele Ou Testament. Dit hang ten nouste saam met die werksaamheid deur die Woord van God.

3. WOORD EN GEES

Woord: Die Woord van God het 'n sentrale plek in die Ou Testament en die Nuwe Testament (vgl. byvoorbeeld Gen. 1; Ps. 1,19, 119; Jes. 40:6-8; 55:10,11). Die Woord is effektief, dinamies. In die geskiedenis van die aartsvaders gaan die Woord telkens nadruklik aan die gebeurde vooraf, lei dit in, ja bring dit voort (vgl. Gen. 12:1 e.v.; 16:10 e.v.; 25:23; 37:5 e.v.; Vriezen, 1966:238). Tog werk die Woord nie meganies nie maar vereis beslissing en verantwoordelikheid, soos hierbo aangedui is.

Die Woord tree nie bloot in gesprek met die mens nie, maar is proklamasie en dit eis totale lewensbekering en die bely van die lewendmakende God wat regeer en verlos. Die eis kom tot vergestaltung in die onderhouding van die verbondseis (Gen. 15,17), soos later vervat in die gebooie van God. So is God se volk vir Hom 'n koninkryk van priesters (Eks. 19:5,6) en so dien hulle God wat hulle verlos het (Eks. 20:1-16). So sal die nasies ook na sy wil (*tora*) vra (Jes. 2:2-4), en so sal sy volk Hom dien in die tyd van

die nuwe verbond wanneer die *tora* in hulle hart geskryf sal wees (Jer. 31:31-34; Eseg. 36:26).

Hierdie antitetiese aard van die Woord is nie noodwendig uitgesproke negatief en veroordelend nie. Die roeping van Abraham is inhoudelik duidelik antiteties teenoor die mense se optrede by Babel, maar dit word nie uitdruklik in die roeping van Abraham gesê nie. So is dit ook by Israel se belydenis van God wanneer hulle die eerste opbrings van die oes bring. Laasgenoemde belydenis het 'n heeltemal ander benadering van God as die benadering wat die omringende nasies van hulle gode gehad het. Israel dank dan ook nie vir die vrugte van die bodem nie, maar vir die historiese optrede van God wat vir Israel na die land toe gebring het (Deut. 26:5 e.v.). Hier word 'n sterk inherente antitese geopenbaar sonder om die ander benaderings aan te val.

Gees: Die Gees speel 'n belangrike rol in die Ou Testament (1 Sam. 16:13; 2 Kron. 15:1; Neh. 9:30; Eseg. 11:5; Miga 3:8; Sag. 7:12), al word daar nie dikwels in die Ou Testament uitdruklik oor die Gees gepraat nie, moontlik om die gevaar van subjektiwisme en geesdrywery te bekamp (vgl. Albertz & Westermann, 1976:748). Daar is 'n noue verband tussen die werk van die Woord en die Gees (vgl. byvoorbeeld Gen. 1:2 en die refrein "toe het God gesê" in die res van Gen. 1; vgl. ook Ps. 33:6; Eseg. 37:4,7,9,10,14; vgl. verder Calvyn, 1984:158-160). Die Gees is die onderliggende dryfkrag by kosmiese werksaamhede (Gen. 1:2; Ps. 104:30; Jes. 40:7; vgl. ook Kraus, 1972:714; Ridderbos, 1958:493). Die werking van die Woord en Gees by God se skeppings- en regeringswerk wat 'n algemeen universele karakter dra en vir alle mense en dinge geld, moet egter goed onderskei word van die besondere werking wat nie algemeen van aard is nie, maar vernuwend werk in die sin van wedergeboorte en bekering (Ps. 51:12,13; Eseg. 37:25-29) en dus net vir die gelowiges geld. Die koninkryk van God en die doop hang saam met die eis om bekering (Mat. 3:2; Luk. 24:45-47; Hand. 2:37,38). Die evangelie van Christus is wêreldwyd, maar nie wêreldgelyk nie.

4. LAND, STAAT EN VOLK VAN GOD IN DIE OU TESTAMENT EN DIE NUWE TESTAMENT

Die Ou Testament is nie bloot soteriologies nie, stel nie net in die mens se verlossing belang nie (teenoor Von Rad), maar het ook 'n oop oog vir die mens se materiële behoeftes. Daarom speel dinge soos land, staat en volk 'n belangrike rol. Tog het hierdie dinge 'n relatiewe waarde. Dit gaan nie om 'n aardse ryk nie, maar om die koninkryk van God.

Deuteronomium 26:1-11 getuig van die belangrike en tegelyk relatiewe betekenis van materiële dinge (soos land) in die Ou Testament. By die fees vir die eerste oprings van die oes is die fokus heeltemal op God se historiese daad van verlossing vir sy volk; nie op die vrugte van die land of bodem nie.

Die uittog uit Egipte, wat 'n sentrale plek in die Ou Testament inneem, het te doen met materiële bevryding, maar spits toe op geestelike bevryding in die sin dat Israel die plek en omstandighede moet verlaat wat hulle in die weg staan om God werklik te dien soos Hy wil hê. Die kern van die saak is dat Hy hulle na Hom toe bring (Eks. 19:4), dat hulle vir Hom 'n koninkryk van priesters moet wees (Eks. 19:5,6) deur sy wet te onderhou. Die wet het te doen met die regte persoonlike verhouding tot Hom en die naaste, in gesindheid en in optrede (Eks. 20:1-16). Vestiging in die beloofde land staan histories nie op presies gelyke vlak as die uittog nie. Die intog volg dan ook nie direk op die uittog nie, maar word voorafgegaan deur die veertigjarige verblyf in die woestyn. Die uittog verteenwoordig die voldonge feit van die verlossing uit die greep van dit wat die ware dien van God verhinder. Vir die lewe tans val die klem op die eis van die gebooe van God. Die land en die voorspoed daarin behoort meer tot die belofte wat nog op vervulling wag. Die wegvoering uit die land in ballingskap is die gevolg van ongehoorsaamheid aan die wet (vgl. byvoorbeeld Klaagl.) en is tegelykertyd 'n bewys dat die volk in die land prakties sonder God kan wees, en buite die land tog by God (vgl. Eseg. 1:1 e.v.). Die feit dat Israel uit die ballingskap terugkeer, wys dat die land en alle materiële dinge, wel tot die seën van God behoort. Tegelykertyd word in hierdie tyd die universele strekking van God se verlossingswerk duidelik, veral in Jesaja 40 e.v.

In die Nuwe-Testamentiese bedeling verloor die land en die volk Israel hulle besondere betekenis deurdat dit in Christus vervul word. Nie gemeenskaplike besit van die land maak mense lede van die volk nie, maar gemeenskaplike geloof in Christus, deel wees van sy liggaam (vgl. byvoorbeeld hiervoor en vir verdere gegewens oor onderstaande, Helberg, 1990:124,138). Anders as die aartsvaders verlang Paulus nie om wanneer hy sterwe, saam met sy vaders in die land begrawe te word nie, maar om by Christus te wees (2 Kor. 5; vgl. Davies, 1974:213,220). Ons burgerskap is in die hemel, waar Christus is (Filip. 3:20). Dit alles trek nie 'n streep deur die betekenis van 'n vaderland nie, maar beklemtoon wel die relatiewe en dienende betekenis daarvan in verhouding met ons roeping in die universele koninkryk van God. Die Christen se verwagting is dan ook veral op die erfenis van die nuwe aarde gevestig (Mat. 5:5; vgl. verder De Greef, 1984:119 oor Calvyn en die land Kanaän as beeld van hemelse erfenis).

Net soos *land* 'n relatiewe betekenis in die Skrif het, so ook die staat. Die Ou-Testamentiese sowel as Nuwe-Testamentiese volk van God ontstaan, groei, bloei in 'n tyd van staatkundige onselfstandigheid, naamlik by die uittog uit Egipte en onder die

Romeinse heerskappy onderskeidelik. Die kerk van die Here is nie afhanklik van die goedgesindheid of samewerking van die owerheid nie, maar het 'n eie aard. Die kerk bestaan deur die Gees, die lewewekkende Gees, deur wie Christus uit die dood opgestaan het, en wat lewe uit doodsituasies wek. Hierdie eie aard onthef die owerheid, synde 'n instelling van God (Rom. 13), egter nie van sy verantwoordelikheid teenoor God en sy kerk nie. Die verantwoordelikheid word gestel in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Vir sommige kerke is hierdie artikel 'n verleentheid omdat gevoel word dat dit die kerk se taak aan die owerheid oordra. Daarom is die artikel drasties verander of herroep (vgl. Van Drimmelen, 1990:197). In werklikheid sê die artikel egter dat die owerheid die kerk moet beskerm sodat die kerk daardie taak kan uitvoer (vgl. GKSA, 1979:478 oor die korrekte bewoording van die artikel). Die Nuwe Testament staan nie 'n neutrale staat voor nie, maar stel alles ondergeskik aan die koninkryk van God.

5. WAT DIE VOLK VAN GOD, DIE KERK, IS

Uit die voorgaande bespreking, veral gesien in die lig van die roeping van Abraham, is dit duidelik dat dit vir God, die Skepper en Regeerder van alle dinge, nie om een of ander saak, ding, instelling of struktuur gaan nie, maar om mense - mense wat in die regte persoonlike verhouding tot Hom en mekaar staan. Dit is mense wat breek met wat hulle in die weg staan om Hom te dien, mense wat hulle bekeer en wat Hom dien volgens sy wil, soos veral uitgedruk in sy gebooië. Daar is 'n antitese tussen hulle en dié wat God nie so dien nie. Dié wat God wel so dien, vorm saam 'n priesterlike koninkryk en 'n koninklike priesterdom, 'n verbondsgemeenskap (Eks. 19:5,6; 1 Pet. 2:9). Almal is gelyk en het deel aan sy Gees (Joël 3; Hand. 2). Hulle is nie van mense afhanklik nie, maar is mondiges gelowiges wat deur God geleer word (Jer. 31:34). Sy volk word gebou op God en die ware belydenis oor Hom, nie op mense nie (Mat. 16:18; Christus is die hoeksteen, die apostels en profete die fondament). Sy kerk is nie plekbeperk, of volkbeperk nie, maar universeel (Mat. 28:19). Sy kerk is ook nie universeel bepaald, sodat dit slegs daar is, of volledig daar is, waar mense universeel saam is nie. Die kerk kom plaaslik tot openbaring waar hierdie universele belydenis gedoen word: waar twee of drie in Christus se Naam saamkom, is Hy by hulle (Mat. 18:20). Die woord *kerk* as enkelvoud word dan ook nie in die Nuwe Testament gebruik om al die kerke (gemeentes) as groepering aan te dui nie (vgl. Snyman, 1967:377-380; Du Plooy, 1982:90-111). *Kerk* druk nie 'n volledige eenheid uit wat eers tot stand kom waar al die kerke saam bymekaar kom nie of saam gestruktureer is nie. Inteendeel, 'n versameling kerke word altyd gesien as 'n versameling, 'n meervoudige samestelling, en met die meervoud *kerke* aangedui; elkeen is kerk.

Ware kerkwees akkommodeer mense in hulle natuurlike differensiasie van taal en

vernietig nie hierdie differensiasie nie, maar laat dit ook nie die eenheid in Christus en die gemeenskap van die gelowiges in die weg staan nie. Die evangelie het in die individuele sowel as groepsverhoudinge te doen met die 'naaste' volgens Christus se eis. Hierdie eis begin heel konkreet by die naaste persoon en sy behoeftes - normaalweg dus die persoon in eie kring. Daar is egter nie 'n beperking tot die eie kring soos by die Fariseërs en die Skrifgeleerdes nie. Dit gaan nie persone verby nie.

In die lig van bogenoemde moet die Rooms-Katolieke benadering afgewys word, waarvolgens die kerk georganiseer is in 'n wêreldwye hiërargiese struktuur met 'n geografiese sentrum, en met die gesag gekonsentreer in die tradisie en een mens, die pous (vgl. Du Plooy, 1982:305-317; Spoelstra, 1989:10; Van der Linde, 1983:2; Van der Walt, 1976:16,17); ook die kollegialistiese struktuur, waarvolgens die gesag gekonsentreer is in 'n sinodale kerklike struktuur, verteenwoordig deur 'n soort bestuursliggaam (vgl. Du Plooy, 1982:405-410; 1989:2-11; Spoelstra, 1989:13-15; Van der Walt, 1976:18); ook 'n dualistiese of bi-polêre gesagsbenadering: plaaslik sowel as in kerkverband (vgl. Spoelstra, 1977:57; Du Plooy, 1982:381); ook 'n independentistiese benadering waarvolgens daar geen verpligtende verbandsverantwoordelikheid is nie behalwe teenoor die plaaslike verband (vgl. Spoelstra, 1989:12,13; Van der Walt, 1976:18).

Die apostoliese geloofsbelijdenis, wat vandag universeel in die kerke aanvaar word (vgl. Schulze, 1978:31), bely "n heilige, algemene (katolieke = universele), Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges". Die geloofsbelijdenis van Nicea bely "een, heilige, algemene en apostoliese kerk" en bedoel met *apostolies* die belijdenis waarvan die apostels getuig het, nie 'n gesagstruktuur in die kerk nie (vgl. Du Plooy, 1982:170-180). Volgens die Heidelbergse Kategismus (antwoord 54) is dit 'n gemeente wat deur Christus vergader word, in die eenheid van die ware geloof, deur sy Gees en Woord, uit die hele menslike geslag, uit verkiesende genade, een waarvan ek 'n lewende lid is. Volgens die Nederlandse Geloofsbelijdenis (art. 27) is dit 'n "enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees ... Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig". Die kerk is dus nie plekbepaald of personebepaald nie, maar geloofbepaald - bepaal deur geloof in dieselfde Gees. Die "van harte saamgevoeg en verenig" wees impliseer tegelykertyd dat hulle nie geïsoleerd van mekaar kan leef en optree nie, veral nie in gemeenskaplike behoeftes en-verantwoordelikheid in diens van die koninkryk van God nie. Hierdie vereiste geld wêreldwyd en vereis dus ekumeniese optrede.

Volgens artikel 29 van die NGB kan die ware kerk (wat ook hier primêr die plaaslike kerk is) geken word aan die suiwere bediening van die Woord en die sakramente en die uitoefening van die tug om die sondes te straf. Die lidmate van die gemeente kan uitgeken word aan hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aanneem het en dat hulle daarna die sonde haat en ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig.

Die belydenskrifte wat deur die GKSA aanvaar word, benadruk dus die wêreldwydheid van die kerk, die geestelike karakter van die kerk deurdat dit gaan om die belydenis van die Gees en van Christus as enigste Hoof (die belydeniskarakter dus), die Woord en Gees as enigste maatstaf en medium, en die betrokkenheid van die lidmate.

Die gelowiges is een, nie deurdat hulle die eenheid konstitueer nie, maar deurdat hulle lede is van die liggaam van Christus (1 Kor. 12:12 e.v.; Rom. 12:5), Hy wat die eenheid verleen (vgl. Floor, 1969:44; Du Plooy, 1982:36-39; Bultmann, 1968:311,312; Van Aarde, 1989:468). Tog is dit nie 'n eenheid wat bestaan ongeag wat die lede glo of hulle verskille nie, maar 'n eenheid wat deur Christus bewerk word deurdat Hy hulle in Hom laat glo soos Hy in sy Woord openbaar. Dit is hoe hulle bymekaarkom: "in my Naam", met ander woorde met 'n bepaalde belydenis oor Hom (Mat. 18:20). Die kerk is egter nie net daar waar die gelowiges vir die erediens bymekaarkom nie (dit lyk of Van Aarde, 1989:470 net hiermee rekening hou), maar ook waar die gemeenskap van die heiliges beoefen word deurdat hulle hulle gawes tot nut en saligheid van mekaar, ook in die daaglikse lewe, aanwend (vgl. Heid. Kat. antw. 55; vgl. 1 Kor. 13:1,5). Hierdie aspek word sterk deur Du Plooy (1982:241-278; 1984:27-32) na vore gebring. Die aard van die kerk as 'n konkrete, lewende gemeenskap van die gelowiges sluit uit dat die gelowiges kan volstaan met 'n geestelike eenheid. Kerke kom dan ook volgens die Nuwe Testament saam om oor gemeenskaplike sake te besluit (Hand. 15) en mekaar by te staan. Net so min as wat Christus bloot geestelik uit die dood opgestaan het (Hand. 24:39,40,46-48), is die eenheid van sy kerk bloot geestelik.

In die lig van die voorgaande moet gekonkludeer word dat die kerk nie wesenlik uit strukture bestaan nie en dat kerkverband nie institutêr-bepaald moet wees nie, soos waar kerklike vergaderings verander word na of vervang word deur selfstandige besluitnemende liggame of bestuursliggame. Verder moet gekonkludeer word dat die kerk ook nie bloot plaaslik gerig kan wees nie maar 'n universele perspektief moet hê.

Die feit dat die kerk nie institutêr-bepaald is nie maar bepaal word deur die Woord en die Gees, bring twee belangrike aspekte van kerkwees na vore, naamlik die eis om reformasie en om liefde. Die Gees lei die kerk in die waarheid van die Woord (Joh. 14:16,17; 17:17) en is tegelykertyd die wederbarende Gees wat die kerk, die liggaam

van Christus, maar sondaargelowiges, tot selfontdekking en 'n lewe van voortdurende bekering lei (Rom. 8:13; Heid. Kat. antw. 5,88-90). Die Woord en Gees maak nie kerkordelike bepalings en besluite onnodig nie maar kan ook nie daarin vasgevang word nie. Die kerk is nie net verkondiger van die Woord en die Gees nie, maar ook dienaar van die Woord en die Gees. 'n Toets vir 'n kerk hou meer in as 'n toets van die formele nakoming van die vereistes wat in die kerklike bepalings en besluite vasgelê is. 'n Kerk staan wel voor die voortdurende verleiding om hom uit selfverdediging of selftevredenheid agter so 'n situasie van formele korrektheid te verskans. Maar selfs die verbondsvolk van God in die Ou Testament, en die kerk in die Nuwe Testament, word nie deur die Woord van God geteken as volmaakte volk of draer van die Woord nie. Die Woord is nie die vrug van die verbondsvolk of die kerk se volmaakte denke of optrede nie, maar is die Woord van God, die korrektiewe Woord. Dit verkondig die onwaardigheid van die draer van die Woord en roep ook hom op tot voortdurende selfondersoek, bekering en reformasie. Aangesien kerklike besluite geneem moet word in die sfeer van "die Heiligê Gees en ons het besluit" (Hand. 15:28), kan hierdie ontdekkende werking van die Heilige Gees nie by die neem van ware Skriftuurlike besluite afwesig wees nie.

Verder is suiwerheid van leer en verkondiging van die Woord op sigself nie voldoende nie. 1 Korintiërs 13 sê duidelik: "Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie ... Al het ek die gawe om God se boodskap te verkondig ... maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks." Die toets is ook wel of 'n kerk in sy hantering van die antitese met ander, dit doen in ootmoed en in liefde (Efes. 4:15; vgl. ook Calvyn, s.j.:46,47). Indien dit nie so is nie, is hy ontrou aan die kern van die eis van die Woord van God.

6. PROBLEME IN VERBAND MET EKUMENIESE BEWEGINGS OF LIGGAME

Ekumene, soos katoliek, dui universele kerklike samewerking aan (vgl. Duvenage, 1969:1-4). Daar bestaan baie ekumeniese bewegings van verskillende aard (vgl. vir 'n oorsig Rossouw, 1989). Alleen die bewegings wat vir die toegespitste doel van die artikel ter sake is, sal aan die orde kom, en dan alleen in 'n beperkte mate.

Veral in twee opsigte, rakende die wese van die kerk is daar rondom ekumeniese bewegings probleme. Hierdie probleme raak die belydenisgrondslag en die gesag of regering, en albei hang saam met die opset en strukturering. Die WRK bely Christus wel as Saligmaker (vgl. *Ecumenical Review*, 1961:60-61), maar elke lid bepaal self of hy aan die vereistes voldoen, en voorts word ook nie-Christelike kerke na die byeenkomste uitgenooi. Berkhoff (1973:50), gewese president van die WRK, verklaar dat

Christus normatief is, maar nie eksklusief nie. Hy is die sentrale openbaring van die Skepper van die *wêreld*. Daarom kan nie aanvaar word dat daar buite Hom en die geskiedenis waarin Hy sentraal staan, geen enkele "bevroeden" van hierdie sentrale skeppingswil is nie. Berkhoff se benadering is dus 'n kosmiese teologie, in plaas van kruisteologie, inkarnasieteologie (vgl. byvoorbeeld Van der Westhuizen, 1989:515, 518,519). Ook die Heilige Gees word in die sfeer van die materieel-kosmiese ingetrek (vgl. Jansen, 1991). Die band tussen die leer oor die Heilige Gees (Pneumatologie) en die leer van Christus (Christologie) word deurgesny (vgl. die optrede van Chung te Canberra in 1991; vgl. hieroor Vorster, 1991a:23; 1991b:22; 1991c:30). Genade is nie beperk tot die kerk nie (vgl. ook Runia, 1978:75-87; vgl. ook Duvenage, 1969:283 oor algemene versoening by Visser 't Hooft, 'n vorige president van die WRK).

Wat samestelling betref, is daar in die WRK nie 'n direkte verband tussen die kerke wat verteenwoordigers stuur en die uitvoerende gesagsliggaam nie. Laasgenoemde stel prakties self die agenda op en behartig die uitvoering (vgl. Vorster, 1991b:22). Hierdie liggaam vorm dus 'n kerk naas die kerke (vgl. Duvenage, 1969:97-101). Selfs afgesien van hierdie besluitnemende liggaam vorm die byeenkoms van die WRK prakties 'n onafhanklike liggaam wat egter namens die lidkerke besluite neem. Die veronderstelling is dat besluite nie op rekening van die kerke staan nie, behalwe as hulle dit self goedkeur. Ondertussen is die WRK egter wel die platform waar die besluite geneem en wêreldkundig gemaak word as 'n liggaam wat die meerderheid kerke verteenwoordig. Hierdie besluite het 'n geweldige sielkundige impak maar staan nie werklik op rekening van die deelnemende kerke nie; dit hoef nie deur die meerderheid kerke aanvaar te word nie, trouens deur geen kerk nie. Hierdie besluite is dus dié van 'n pseudo-kerk.

Die WARC (World Alliance of Reformed Churches) is, soos sy naam aandui, enger afgebaken. Wesenlik geld die gebrek aan konfessionele binding en die probleem van pseudo-kerk egter ook hier.

Die gevolg van bogenoemde leemtes is dat die Woord en Gees nie die sentrale plek het nie, nie genoeg as die eintlike dryfkrag gesien word nie, maar aangevul of vervang word met menslike magsmiddele, soos beklemtoon in die bevrydingsteologieë (Gutierrez, 1971:114-119) en wat ook gestalte aanneem in drukgroepe (vgl. Runia, 1978:36-39,73). Die belangstelling is dan meer gerig op maatskaplik-politieke bevryding as op bekering en 'n lewe daarvolgens. Dit het gelei tot 'n verwaarlosing van sending en evangelisasie by die WRK en tot 'n nuwe definiëring van die begrippe in terme van sosiaal-politieke bevryding (vgl. Runia, 1978:72-74, 88-91, 95-112).

Die WRK openbaar tans 'n neiging tot sterker betrokkenheid by die ekologie. Dit is op sigself 'n verantwoorde universele belangstelling omdat dit die mens in sy volle

bestaan raak. Gesien die neiging tot kosmiese teologie kan die belangstelling egter lei tot verabsoluttering van die natuur.

Die bedoeling met die GER was om 'n ware ekumeniese liggaam met kofessionele binding te hê (vgl. byvoorbeeld die grondslag en betuiging van instemming - GOS, 1949:8,9). Die GER self het tot dusver die kofessionele binding gehandhaaf en afwyking daarvan by lidkerke veroordeel (vgl. sy uitsprake rakende die GKN se standpunt oor homofilie - RES, 1988:126). Tog het die GER tot dusver nie teen sodanige kerke opgetree nie. Die vraag is dus of die GER ook prinsipiëel dieselfde weg opgaan as bogenoemde liggame, al is dit dan met 'n belangrike graadverskil. Die volgende byeenkoms sal waarskynlik meer duidelikheid hieroor bring.

7. DIE GKSA SE SAMESTELLING EN VERHOUDINGE

Die betekenis van die begrip *ekumene* hang ten nouste saam met die betekenis van die begrip *kerk*. Vir die regte perspektief op die GKSA se benadering van ekumene is dit nodig om die GKSA se kerklike samestelling of opset in berekening te bring. Die huidige posisie is dat die GKSA in een kerkverband lewe met al die Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika en in een Algemene Sinode vergader saam met die ander Nasionale Sinodes, naamlik die Sinodes Soutpansberg (hoofsaaklik Venda- en Tsongasprekendes), Middellande (hoofsaaklik Sotho- en Zoeloesprekendes) en Suidland (hoofsaaklik Afrikaanssprekende kleurlinge). Die bedoeling in die sestigerjare was om die Kerke volksgewys te struktureer met die oog op die kerkregering en onderlinge hulp en bystand. Daar was doelbewus wegbeweeg van rasgewyse struktureering (GKSA, 1961:118,119,186; GKSA, 1964:262,263).

Hierdie kerklike samestelling veronderstel uitdruklik dat daar ook onderlinge kontak moet wees onder mindere vergaderings waar nodig, en op 'n wyse soos deur hulle bepaal (GKSA, 1970:361; die 1964-besluit wat deur hierdie een vervang is, praat van 'n ekumeniese verband, GKSA, 1964:269). Verhoudinge met buitelandse kerke wat dieselfde belydenis onderskryf, word deur die onderskeie Nasionale Sinodes gereël met goedkeuring van die Algemene Sinode (Algemene Sinode, 1975:20), so ook deelname aan ekumeniese bewegings (Algemene Sinode, 1975:24; vgl. ook die Kerkorde-artikels 51,52). Hierdie werkwyse is onder meer die gevolg van die historiese verloop van sake. Aanvanklik het slegs die GKSA sulke verhoudinge beoefen. By die totstandkoming van die Nasionale Sinodes, wat die vrug van sendingwerk deur die GKSA was, is veral die behoefte vir nadere kontak met buitelandse Gereformeerde Kerke wat by die sendingwerk betrokke was, gevoel en deur sommige van die Nasionale Sinodes opgevolg (bv. deur Soutpansberg). Die Algemene Sinode het in 1984 besluit dat hierdie verhoudings voortaan deur die Algemene Sinode gereël sal word (Algemene Sinode,

1984:30,31), maar daar is blykbaar onsekerheid oor wat hierdie besluit presies impliseer, en die historiese situasie is nog praktyk. Die afgelope GKSA-Sinode het besluit om die saak onder die aandag van die volgende Algemene Sinode te bring (GKSA, 1991:187).

Die situasie binne die Gereformeerde Kerke het ál meer besware uitgelok uit die geledere van die GKSA self sowel as van die ander Nasionale Sinodes (vgl. byvoorbeeld Van Wyk, 1988; GKSA, 1991:649-650). Vir die belangrikheid dat sowel eenheid as verskeidenheid in gedagte gehou moet word, vergelyk onder andere Du Plooy (1990) en Spoelstra (1990). Die laasgehoue Algemene Sinode het deputate aangewys om met voorstelle te kom oor hoe afvaardiging na die GER moet geskied (Algemene Sinode, 1988:76). By samesprekings van deputate van al die Nasionale Sinodes gesamentlik is daar veral van die kant van die ander Nasionale Sinodes besware teen die hele huidige kerklike samestelling of struktuur geopper. Dit het daarop uitgeloop dat die afgelope Sinode (GKSA) aan deputate opdrag gegee het om verdere samesprekings te voer oor al die sake wat die verhouding met die ander Nasionale Sinodes aangaan, met die oog op ooreenstemming oor hierdie sake (GKSA, 1991:648). Beskrywingspunte uit eie geledere het ook ander probleme gestel wat tot gevolg gehad het dat daar om 'n spesiale algemene sinodale vergadering gevra sal word waarop die samestelling onder die loep geneem sal word (GKSA, 1991:545-549). Ondertussen het Sinode Suidland besluit dat alle kerke (gemeentes) waaruit dié Sinode saamgestel is, by ander naburige klassisse aansoek sal doen om daar opgeneem te word. Gesien die feit dat hulle voertaal (Sinode Suidland) Afrikaans is, sal die besluit blykbaar uitsluitlik of hoofsaaklik klassisse van die GKSA raak. Die GKSA-Sinode 1991 het sonder beswaar kennis geneem van 'n skrywe daaroor (vgl. GKSA, 1991:531-532). Dit hou in dat die Sinode Suidland binnekort nie meer sal saamkom nie.

Die genoemde verhoudinge beïnvloed ook die GKSA se verhoudinge met buitelandse kerke. Een van die Christian Reformed Church in North America se voorwaardes vir opheffing van sy suspensie van *ecclesiastical fellowship* met die GKSA, is byvoorbeeld dat die kerklike struktuur van die GKSA in sy verhouding met die ander Nasionale Sinodes verander moet word (GKSA, 1991:181).

Noue offisiële kerklike verhoudinge, 'kerklike korrespondensie', verstaan as byna identies met een kerkverband (vgl. GKSA, 1976:320), word tans met die volgende buitelandse kerke onderhou: die Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland, die Nederlandse Gereformeerde Kerke, die Free Church of Scotland, die Reformed Churches of Australia, die Reformed Churches of New Zealand, die Korean Presbyterian Church, die Reformed Churches of Japan, en die Christian Reformed Church of North America (vgl. Almanak, 1991:22; GKSA, 1991:150). Laasgenoemde verhouding is egter tans deur die Christian Reformed Church gesuspenseer tot 'n volgende

Sinode wanneer besluit sal word oor finale verbreking van die bande al dan nie (vir die redes daarvoor vgl. GKSA, 1991:180-181). Die voorgaande wys dat die GKSA nie geïsoleerd bestaan nie maar noue universele verbintenisse het, hoewel beperk tot kerke wat dieselfde belydenisskrifte het en dit uitleef.

8. DIE GKSA SE BENADERING EN HANTERING VAN EKUMENIESE VERHOUDINGE

Die GKSA se ekumeniese bewustheid blyk onder meer daaruit dat hy 'n stigterslid is van die GER en dat die inisiatief daarvoor van hom uitgegaan het (vgl. GKSA, 1942:87-91). Die GER was sterk konfessioneel gebonde (vgl. GOS, 1949:8,9). Soos sommige ander kerke, het die GKSA egter die bande met die GER opgeskort (RES, 1988:127-131; GKSA, 1991:162-164,169,171) en sal ná die volgende byeenkoms van die GER in 1992 finaal oor voortgesette lidmaatskap besluit word. Die grond wat die GKSA vir die besluit aangee, is dat die GER nie daadwerklik optree teen afwykende benaderings oor Skrifgesag en etiese kwessies soos homofilie, wat by een van die deelnemende kerke voorkom nie. Die GER sal moontlik in 1992 tot finaliteit oor die saak kom aangesien die interim-komitee dan 'n aanbeveling oor voortgesette lidmaatskap van dié Kerk, die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN), moet maak (RES, 1988:126). In GKSA-kring word daar nie 'n deurtastende aanbeveling verwag nie. Die interim-komitee het 'n 'Response' opgestel nadat sommige lidkerke hulle om genoemde redes aan die GER onttrek het, maar gee daarin geen aanduiding dat daar wel teen die GKN opgetree sal word nie. Die aangegewe redes waarom nog nie opgetree is nie, sal net so kan geld indien die GKN sy huidige benadering bly handhaaf (vgl. GKSA, 1991:168-169 - ongepubliseerde bylae).

Indien die GKSA die band met die GER finaal sou breek, sou dit by geen sodanige aksie betrokke wees nie, aangesien dit nog nooit lid van enige ander ekumeniese beweging of liggaam was nie. Die Nasionale Sinodes Soutpansberg en Middellande is egter wel nog lede van die GER en hierdie situasie veroorsaak spanning. Die laasgenoemde Nasionale Sinodes is ongelukkig daarvoor dat, volgens hulle oortuiging, hulle nie werklik geraadpleeg is voordat die GKSA tot dié stap oorgegaan het nie. Die saak word nog verder gekompliseer deurdat deputate van die Algemene Sinode opdrag het om by die volgende byeenkoms aan te beveel op watter wyse afvaardiging na die GER moet geskied (Algemene Sinode, 1988:76). Die saak stel 'n toets aan Gereformeerde ekumene; dit raak die verhouding met kerke in die buiteland sowel as die onderskeie Nasionale Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika.

In verband met die International Council of Reformed Churches neem die GKSA eers 'n afwagterende houding in (vgl. GKSA, 1991:149,151).

Twee grondliggende aspekte van Bybels-verantwoorde ekumene, soos in hierdie artikel beredeneer, is ter sake: dié van die belydenis en dié van persoonlike verhoudinge. Eerstens moet ekumene kofessioneel gebonde wees (vgl. egter ook die bespreking hieronder), en tweedens moet dit die gemeenskap van die heiligies dien; dit moet nie opgaan of vasval in 'n struktuur nie.

Verteenwoordigers van die ander Nasionale Sinodes beweer dat juis die GKSA van die kerk 'n struktuur maak, 'n geslote struktuur, en wel vanuit maatskaplik-staatskundige of politieke oorwegings (vgl. GKSA, 1991:649-650; GKM, 1989:6). Hierdie benadering geld volgens hulle vanaf die plaaslike vlak tot op sinodale vlak, het 'n verlamme uitwerking op kerkwees en frustreer hulle om tot werklike bespreking van sake te kom. Of hierdie bewering gegrond is en of genoemde verteenwoordigers of sinodes die regte weg gevolg het om hulle sake aan die orde te kry, kan nie hier uitgemaak word nie. Voorbeelde sou na albei kante aangehaal kon word. Daar sal dus aan alle kante ondersoek ingestel moet word om vas te stel of daar nie 'n dualisme in optrede is nie. Vir ons doel kan hier met die volgende opmerkings volstaan word: die feit dat die afgelope sinode van die GKSA sonder beswaar kennis daarvan geneem het dat die kerke van Sinode Suidland gaan aansoek doen om by die ander naburige klassisse in te skakel, wys in die rigting dat die kerklike opset nie so struktuurgebonde is nie. Die feit dat die offisiële verteenwoordigers van die ander Nasionale Sinodes op die afgelope sinode van die GKSA nie algemene spreekreg ontvang het nie, maar as besoekers beskou is (vgl. GKSA, 1991:68), wys egter in die ander rigting. Dat nie altyd die ordelike weg gevolg is om ander Nasionale Sinodes se probleme aan die orde te stel nie, en dat soms te maklik passief na die GKSA gekyk word om dinge te doen, kan maklik aangetoon word. Die ander kant van die saak is dat die GKSA nie onbewus was van die ongelukkigheid by die ander Nasionale Sinodes nie en dat dit nogtans lank geneem het voordat samesprekings ordelik op dreef kon kom. Die rede hiervoor is dat die sake nie onordelik ter tafel geneem kon word nie. Tegelykertyd laat hierdie vertraging die vraag ontstaan of dit nie dalk bewys dat die kerklike opset inderdaad strukture geword het wat die spontane persoonlike gemeenskap van die gelowiges en onderlinge behartiging van gemeenskaplike belange verlam nie.

Hoewel ware ekumene volledige eenheid in belydenis, insluitende uitlewing daarvan, veronderstel, moet tog rekening gehou word met die werklikheid van die kerklike gebrokenheid weens die sonde. Ekumene kan dus nie by die grense van die eie kerkverband ophou nie. (Vgl. ook Ned. Geref. Kerk, 1986:18,45. Hier kan nie ingegaan word op die ooreenkomste en verskil tussen die benaderings van die Ned. Geref. Kerk en die GKSA nie.) Die GKSA (1967:365,366; Snyman, 1967:384,385) onderskei tussen:

- * eenheid, dit wil sê die verhouding met kerke binne dieselfde kerkverband;

- * samewerking, dit wil sê met kerke wat dieselfde belydenis het maar dit anders uitleef;
- * en samespreking, dit wil sê met kerke wat verder weg staan en met wie veral die verskille bespreek word.

Samewerking sluit dinge in soos vertaling van die Bybel en belydenisskrifte. Same-werking sluit verder nie samespreking met dié kerke uit nie, maar in. (Beperkte ruimte verhoed nadere bespreking van hierdie aspekte.) Die afgelope GKSA-Sinode het, in opvolging van 'n beskrywingspunt, aan die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede opgedra om met ander kerke in Suid-Afrika samesprekings te voer. Hierin het die prinsipiële riglyne van 1967 juis as basis gedien (vgl. GKSA, 1991:268-269). By sulke byeenkomste moet die aard van kerklike betrokkenheid in gedagte gehou word.

Op sigself beteken die feit dat 'n kerk nie aktief by 'n ekumeniese liggaam ingeskakel is nie, nie dat hy geïsoleerd is nie. Die ekumenisiteit of universaliteit van die kerk setel in die Woord en die Gees, die vraag is of 'n kerk aan die Woord en Gees getrou is. 'n Sendeling in 'n baie afgesonderde plek is skynbaar geïsoleerd maar in werklikheid besig met 'n universele taak en hy skeep 'n universele gees daar waar hy is. Die toets is dus ook en veral 'n toets op die grondvlak, in die plaaslike kerk (gemeente) en die prediking: of dít die gees en atmosfeer van universaliteit is wat geskeep word deur die prediking, en wat die kerkraad en gemeente vir die prediking skeep.

Die grootste en werklike isolasie van die kerk is daar, of wanneer, dit van die Woord geïsoleer is, wanneer die Woord verdring word deur menslike lering, soos wel in sommige ekumeniese bewegings gebeur en waar antitese met ander belydenisse as die Christelike belydenis afwesig is (vgl. bo). 'n Kerk kan natuurlik op albei maniere tegelykertyd geïsoleer wees, in homself gekeer, sowel as besig met sy eie menslike oorwegings. Dit was die geval by die Fariseërs en Skrifgeleerdes, ondanks hulle oortuiging dat hulle die Woord van God suiwer bewaar en uitleef (vgl. Mat. 23). Die toets is wel watter gees daar in 'n kerk heers, asook of hy daadwerklik, op kerklike wyse, aandag gee aan die brandende vraagstukke waarmee die gelowiges daaglik te kampe het en wat meer as net plaaslike aandag binne die eie klein kring vereis. Die toets is dus nie bloot of die GKSA aan 'n bepaalde byeenkoms, soos die Rustenburg-beraad, deelneem nie, maar wel of dit die probleme wat daar behandel is, naamlik dié van reg en geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing, in berekening bring en of dit Skriftuurlik en op 'n kerklike wyse gedoen word. Die toets is verder ook wel of die kerk in sy hantering van die antitese met ander, dit doen in ootmoed en in liefde.

Die genoemde kritiek op die GKSA wys dat die beeld van die GKSA by sommige mense tans nie oorkom as die beeld van 'n kerk wat aan hierdie eis voldoen nie.

9. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Volgens die Skrif gaan dit vir die volk van God in kern om die verkondiging van die Woord, en die gestaltegewing van die vereistes van die Woord: nie om onpersoonlike, organisatoriese, tegniese of ander strukture nie, maar om die persoonlike verhouding met God, die Skepper, Regeerder en Verlosser van die mensdom soos vergestalt in sy (verbonds)volk en in hulle belydenis hiervan, asook hulle uitlewing hiervan volgens die eis van die gebooe. So 'n verhouding is 'n verhouding met God in Christus en met die naaste, en wel in die eksistensiële, plaaslike verband sowel as in wêreldwye perspektief. Hierdie verhouding vereis 'n antitese met wat teenoor hierdie belydenis staan, maar tegelyk ootmoed en liefde teenoor die naaste, iets wat selftevredeheid en afkraking van ander uitsluit. Die Bybelse eis is trouens dat die waarheid in liefde gesoek moet word (Ef. 4:15). Synde kerk, liggaam van Christus, wat dus 'n vergestaltung van Christus is, kan die GKSA nie onverskillig staan oor hoe sy beeld, en by implikasie die beeld van Christus, oorkom nie.

Die ekumeniese bewegings oor die algemeen tree op namens die kerke maar neig na selfstandige, plaasvervangende strukture. Verder neig hulle na 'n nivellering van die belydeniskarakter en die antitese-karakter van die kerk. Die GER moet homself nog hieroor bewys.

Die toets waarvoor die GKSA op die oomblik staan, is of hy die universele karakter sowel as die belydeniskarakter en die persoonlike karakter van sy roeping tot hulle reg sal laat kom. Dit sal veral uitkom in sy hantering van die kerklike opset in die verhouding met die ander Nasionale Sinodes, vanaf plaaslike vlak tot op sinodale vlak, aangesien veral genoemde Nasionale Sinodes 'n leemte in die persoonlike verhoudinge of aard van die verhoudinge konstateer. Dit sal ook uitkom in hoe die GKSA die problematiek in behandeling neem wat deur gelowiges en kerklike vergaderings in dieselfde kerkverband beleef word as basiese leemtes en selfs veronregting op staatkundige, maatskaplike en kerklike vlak. Hierdie is take vervat in die opdrag van die betrokke deputate en van afgevaardigdes na die beoogde spesiale Algemene Sinode. 'n Belangrike toets is ook watter gees op die plaaslike vlak geskep word in en deur die prediking en die gemeente, want dit spreek elkeen persoonlik aan en konfronteer hom met sy optrede in alle verhoudinge waarin hy staan. Die kerk is trouens in die eerste plek mense; nie 'n instituut of 'n struktuur nie.

10. BIBLIOGRAFIE

- ALBERTZ, R. & WESTERMANN, C. 1976. *10th Geist*. (In THAT. II. München: Kaiser. p. 726-753.)
ALGEMENE SINODE. 1975. Handeling van die tweede Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika.

- ALGEMENE SINODE. 1984. Handeling van die vierde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika.
- ALGEMENE SINODE. 1988. Acta van die vyfde Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika.
- ALMANAK van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1991.
- BERKHOF, H. 1973. Christelĳk geloof. Nijkerk : Callenbach.
- BULTMANN, R. 1968. Theologie des Neuen Testaments. Tübingen : Mohr.
- CALVYN, J. 1984. Institusie van die Christelike godsdiens. I. Potchefstroom : CJBF.
- CALVYN, J. sj. Institusie. III. Delft : Naamlose Vennootskap W.D. Meinega.
- DAVIS, W.D. 1974. The gospel and the land. Los Angeles Calif. : University of California Press.
- DE GREEF, W. 1984. Calvijn en het Oude Testament. Groningen : Bolland (Proefskrif (Th.D.)-Utrecht).
- DU PLESSIS, A.J. 1991. Sinode het penne ingeslaan: dalk nie hoekpale nie. *Woord en Daad*, 31(333):12-14.
- DU PLOOY, A. LE R. 1982. Kerkverband: 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.) - PU vir CHO.)
- DU PLOOY, A LE R. 1984. Kerkverband - 'n Gereformeerde-kerkregtelike oorsig. *In die Skriflig*, 18(71):19-36.
- DU PLOOY, A. LE R. 1989. Kollegialisme. *In die Skriflig*, 23(91):2-11.
- DU PLOOY, A LE R. 1990. 'n Kerkregtelike verkenning van die beleving van kerklike eenheid in en oor volks- en taalgrense heen. *In die Skriflig*, 24(3):227-249.
- DUVENAGE, B. 1969. Die religieuse grondmotief van die konsepsies van Visser 't Hooft met betrekking tot die Wêreldraad van Kerke. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Phil.) - PU vir CHO.)
- ECUMENICAL REVIEW. 1961. 13(1):59-61 (Report on the basis of the WCC).
- FLOOR, L. 1969. De nuwe exodus: representatie en inkorporatie in het Nieuwe Testament. Potchefstroom. (Proefskrif (Th.D.) - PU vir CHO.)
- GKM. 1989. Handeling van die veertiende Sinode van die Gereformeerde Kerke in die Middellande. (Bylaag M.)
- GKSA. 1942. Handeling van die 27e Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika.
- GKSA. 1961. Handeling van die vier-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- GKSA. 1964. Handeling van die vyf-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- GKSA. 1967. Handeling van die ses-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- GKSA. 1970. Handeling van die sewe-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- GKSA. 1976. Handeling van die nege-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- GKSA. 1979. Handeling van die veertigste Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
- GKSA. 1991. Handeling van die vier en veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- GOS. 1949. Acta van de Gereformeerde Oecumeniese Synode van Amsterdam.
- GUTIERREZ, G. 1971. A theology of liberation. New York : SCM.
- HELBERG, J.L. 1990. Die verbondsvolk se verhouding tot sy land: veral in die tyd rondom die wegvoering in Babiloniese ballingskap: Die Groot Profete en Klaagliedere. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO.
- JANSEN, G. 1991. Aanzetten voor nieuwe scheppingstheologie. *Centraal Weekblad*, 39(9):8,9.
- JENNI, E. 1971. 'ab. THAT. II. München : Chr. Kaiser Verlag.
- KRAUS, J.H. 1972. Psalmen. II. Neukirchen-Vluyn : Neukirchener Verlag. (BK.)

- NED GEREF KERK. 1986. Kerk en samelewing: 'n getuienis van die Ned Geref Kerk. Bloemfontein : Pro Christo-Publikasies.
- RES, 1988. Acts of the Reformed Ecumenical Synod. Harare.
- RIDDERBOS, J. 1958. De Psalmen. II. Kampen : Kok. (COT.)
- ROSSOUW, P. 1989. Ecumenical panorama: a perspective from South Africa. Pretoria : PO Box 4445 (compiler and author).
- RUNIA, K. 1991. Oude eenheid Gereformeerde Kerken van Zuid-Afrika verdwenen: Spiegel van blank Zuid-Afrika. *Centraal Weekblad*, 39(9):5.
- SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeue. Pretoria : NGKB.
- SNYMAN, J.J. 1991. Doppers se dilemma: 'stem van Potch' is stil. *Insig*, 10-12. Mei.
- SNYMAN, W.J. 1967. Die kerk en sy ekumeniese roeping volgens die Nuwe Testament. (In GKSA, Handlinge van die ses-en-dertigste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. p. 377-386.)
- SPOELSTRA, B. 1977. Die gesag van die sinode. *In die Skriflig*, 11(43):45-63.
- SPOELSTRA, B. 1986. Het ons kerk-wees in strukture gestol? *In die Skriflig*, 20(80):4-17.
- SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering: handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool.
- SPOELSTRA, 1990. 'n Konkrete en strukturele ordeningsmodel vir kerke in kerkverband oor volks- en taalgrense heen. *In die Skriflig*, 24(4):353-377.
- VAN AARDE, A.G. 1989. 'n Nuwe-Testamentiese begroning van die eenheid van die kerk en die eis om kerkeenheid vandag. *Hervormde Teologiese Studies*, 45(2):461-475.
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde: 'n verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- VAN DER LINDE, I. 1991. Potchefstroom se Doppers - geïsoleerd en benepe? *Vrye Weekblad* :10. Jan. 25.
- VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege.
- VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1989. Universalisme en partikularisme vandag. *Hervormde Teologiese Studies*, 45(2):508-526.
- VAN DRIMMELEN, L.C. 1990. Kerk en staat. (In Van 't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen : Kok. p. 196-206.)
- VAN SELMS, A. 1967. Genesis. II. Nijkerk : Callenbach. (POT.)
- VAN WYK, J.H. 1988. Kerkeenheid: 'n perspektief op die verhouding in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika. *In die Skriflig*, 22(85):16-32.
- VORSTER, J.M. 1991a. Die Wêreldraad van Kerke: Canberra, 1991. *Die Kerkblad*, 94(2865):37-38.
- VORSTER, J.M. 1991b. Die Wêreldraad van Kerke: Canberra, 1991 (2). *Die Kerkblad*, 94(2867):22-23.
- VORSTER, J.M. 1991c. Die Wêreldraad van Kerke: Canberra, 1991 (3). *Die Kerkblad*, 94(2868):30-31.
- VRIEZEN, T.H.C. 1966. Hoofdljnen der theologie van het Oude Testament. Amsterdam : Bolland.

